

H O O F S T U K V I .

SAMEVATTING.

Die beginsels wat aan die presbiteriale kerkregeringstelsel ten grondslag lê, kan elkeen weer herlei word na die één beginsel waaromheen ons ganse belydenis draai. Jesus Christus is die Verlosser en Here. Ook in die kerkregering gaan dit om die sentrale vraag: „Maar julle, wie sê julle is Ek?“¹⁾ As Verlosser het Hy vir Hom 'n eiendomsvolk deur Sy kosbare bloed verkry. En daarom is Hy ook Here, Koning van sy volk. Tereg sê Bronkhorst, met die oog op die kwessies rondom die opstelling van 'n nuwe kerkorde vir die Nederlandse Hervormde Kerk: „Het centrale element, dat onze kerkorde beslissend zal hebben te bepalen, is de vraag of daarin de Christusheerschappij in Zijn ecclesia door Zijn Geest en Woord onverlet blijft en doeltreffend word uitgedrukt.“²⁾

Vanuit Christus loop alle lyne vir die bepaling van die begrippe reg, kerk, kerkreg en kerkregering. Wanneer Hy, die Verlosser en Here, uit die oog verloor word, is daar 'n oneindige verwarring oor die begrippe en kom die ondersoeker in sy waanwysheid, nie verder as om 'n verskeidenheid karikatuurbeelde van reg, kerk, kerkreg en kerkregering voor te skilder nie. Dan is daar geen maatstaf anders as die menslike rede, wat uiteraard subjektief is nie. Die humanisme dra in sigself 'n onoplosbare tweespalt en daarom kan die humanistiese denke uiteindelik alleen verwarring skep. Die woord van

1). Matt. 16:15. Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 274/5.

2). A.J. Bronkhorst: a.w. p.277.

Paulus in 1 Kor. 1:20 is ook hier van pas: „waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?" Christus die Gekruisigde is vir die wêreld 'n struikelblok en dwaasheid; „maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke; Christus, die krag van God en die wysheid van God. Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense.“³⁾

Alleen die ondersoeker wat bely dat Jesus die Christus is, kan die beslissende van die proklamasie: „Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;.....“⁴⁾ vir sy denke en lewe deurgrond. Dan alleen kan hy, verlig deur die Heilige Gees, voor die grootheid van God se werk in die skepping en herskepping met verwondering en in aanbidding van God staan. Immers, dan staan hy voor die werklikheid dat God die Skepper hemel en aarde geskape het, sodat alles en almal wat Hy geskape het sy lof moet verkondig.⁵⁾ Hy laat die mens heers oor die werke van sy hande: „U het alles onder sy voete gestel:.....“⁶⁾ Die mens is geskape as ampsdraer, dienskneg van God, wat net sy opdragte moet uitvoer sodat Hy verheerlik word. Die mens is kragtens sy skepping so totaal aan God onderworpe en moet alleen uitvoer wat God gebied. Hy het sy wet in die mens se hart geskryf, sodat die mens kan weet hoe hy hom moet gedra teenoor Hom. Hy het egter ook 'n orde daargestel vir die bestaan van die ganse skepping en waarvolgens die mens,

3). 1 Kor. 1:24 en 25.

4). Psalm: 24:1.

5). Vgl. o.a. Ps. 19:1-7; Ps. 8:1-10

6). Psalm: 8:7.

insoverre die skepping aan hom onderworpe is, dit moet beheers tot verheerliking van die Skepper.

Deur die sondeval is die mens egter verdorwe. Hy wil nie meer ampsdraer wees nie, maar kom in vyandskap teenoor God te staan. Hy maak die leuen van Satan, dat deur die gebod van God te oortree, die mens soos God sal wees,⁷⁾ die uitgangspunt van sy lewe. Hy wil nou sy eie wetgewer en die beskikker oor sy eie lot wees. En in hierdie ampsweiering, in hierdie verset teen God, loop hy hom en saam met hom die ganse skepping te pletter teen die toorn van God, tensy God self hom verlos en herstel as ampsdraer.

Dit doen Hy deur Jesus Christus, „die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”⁸⁾ Christus, afgebeeld as dié Lam in die Ou-Testamentiese offerdiens, bring die offer; is Self die Offeraar sowel as die Offer tot versoening met God. Tegelyk is Hy dié Ampsdraer wat in alles alleen die wil van die Vader doen. En dit was die wil van die Vader dat Hy die wat die Vader aan Hom gegee het, opwek in 'n nuwe lewe; om hulle deur Sy gehoorsame ampsvervulling te herstel as ampsdraers. Hy is die tweede Adam wat die dood oorwin en 'n herskape mensheid op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel te voorskyn roep.

Deur die geloof in Christus is die oë vir die werklikheid geopen dat die mens geskape is as ampsdraer en dat die lewe alleen te vinde is in onderworpenheid aan God; in die getroue roepingsvervulling. Deur die geloof in Christus het die Koninkryk van die hemele op die

7). Vgl. Genesis 3:4 en 5.

8). Johannes 1:29 (b).

aarde gekom en is die gelowiges onderdane van die enige en ewige Konin_g, Jesus Christus.

Maar al het die Koninkryk van die hemele reeds gekom, is dit tog ook nog komende. Christus het alles volbring tot die vernuwing van alle dinge, maar die volkome openbaring van die vrug van Sy arbeid lê nog in die toekoms. Met Sy hemelvaart het Christus gegaan om vir dié wat aan Hom behoort, plek te berei. „En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal Julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.“⁹⁾

Gedurende die tyd voor Sy wederkoms is die burgers van die Koninkryk van die hemele vreemdelinge en bywoners op aarde.¹⁰⁾ Die wêreld het nog die duiwel as owerste; die aarde is in die tyd nog die ryksgebied van die vors van die duisternis.¹¹⁾ Die Koninkryk van die hemele, in soverre dit reeds gekom het, staan dus teenoor die ryk van die duisternis in hierdie wêreld. Die burgers van die Koninkryk van die hemele het die roeping om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; hulle moet Jesus Christus as dié lig wat in die duisternis skyn, laat gestalte kry. Aan die ander kant word deur die ryk van die duisternis alle kragte gemonster om die Naam van Christus op aarde uit te delg. In felle vyandskap is Christus self eers vervolg en ná Sy oorwinning word die aanslag gekonsentreer op die wat in Hom glo.¹²⁾ Dit gaan in die stryd

9). Johannes 14:3.

10). Vgl. 1 Pet. 1:1; 2:11.

11). Vgl. Johannes 14:30; 16:11; 1 Joh. 5:19; Openbaringe 2:13.

12). Vgl. Openb. 12; Matt. 10 ens.

dan nie net om 'n geweldadige poging tot uitdelging van die Naam van Christus nie, maar ook word 'n poging aangewend om die burgers van die Koninkryk van die hemel tot ontroen en verraad te beweeg. Met lis word hulle op allerlei maniere versoek sodat hulle Christus sal verloën.

Daarom laat Christus die burgers van Sy Koninkryk nie aan hulleself oor nie. Hy vergader hulle as kerk. Hulle is lede van Sy liggaam en Hy trek hulle op elke plek saam as 'n hegte eenheid onder Hom as Hoof en Koning. As kerk versorg Hy hulle in hierdie tyd van stryd. Hy voorsien die volle wapenrusting om staande te bly teen die liste van die duiwel. Hy gee so aan hulle die swaard van die Gees, dit is die Woord van God.¹³⁾

Die sorg van Christus aan die kerk sluit so in dat die burgers van die Koninkryk van die hemele aan hulle roeping getrou sal bly. Deur Sy gees en woord, waaraan die sakramente verbonde is, voed en sterk Hy hulle geloof, leer Hy hulle om in alle waarheid te wandel, om hulle aan Hom as Koning te onderwerp. Hierdie sorg is vir hulle nie alleen onontbeerlik om staande te kan bly teen die aanvalle van buite nie; maar ook om die oue mens, die eie vlees, wat gedurig weer wil opstaan en die nuwe mens in Christus wil oorweldig, te kan kruisig.¹⁴⁾

Christus vergader, onderhou en bewaar Sy kerk deur Sy Gees en woord in hierdie bedeling, voor Sy wederkoms. Maar Hy is nie meer na sy menslike natuur op die aarde nie, daarom verwerklik Hy sy Koningskap in die kerk op aarde deur die diens van mense, die ampsdraers. Hulle is Sy

13). Vgl. Efesiërs 6:10. v.v.

14). Vgl. Romeine 7, veral vanaf vers 15.

organe. Aan hulle het Hy die bediening van Sy Woord opgedra. Daarom laat Hy ook die kerk op elke plek institueer met ampte en bedieninge, en het Hy ook self en veral deur die Apostels onder leiding van die Heilige Gees, die grondbeginsels vir die inrigting van die kerklike instituut neergelê.

Dit is dan die taak van die ampsdraers om uit Sy Woord onder leiding van die Heilige Gees, hierdie grondbeginsels na te speur en om te sorg dat die kerk daarvolgens ingerig word. Verder is dit hulle taak om deur die diens van die Woord die gedragsreëls vir die gelowiges neer te lê en toe te sien dat die gelowiges hulle as nuwe mense in Christus gedra. By verset teen die wil van Christus moet hulle vermaan en bestraf en as daar moedswillige verharding is in die sonde, moet so een afgesny word van die kerk en daarmee aangesê word dat hy geen deel aan Christus het nie.

Die kerkregering deur die ampsdraers, wat hulle gesamentlik as kerkraad uitoefen, dien alleen om die koningskap van Christus in die kerk te verwerklik. Die gesag van die kerkregeerders, hoewel Christus hulle deur die vergaderde gelowiges tot die amp laat aanwys, word nie aan hulle oorgedra deur die gelowiges nie, maar hulle ontvang dit direk van Christus. Aan die ander kant kan die kerkraad net so lank net gesag optree as wat hulle die wil van Christus, die Koning van die kerk deurgee. Hulle is ampsdraers, gesante van Christus, wat geen eie woord te spreek het nie; hulle moet alleen laat hoor: So sê die Here! Die ampsdraers is organe van Christus ten behoeve van Sy kerk en nie organe van die gemeente nie.

Elke kerk is 'n openbaring van die liggaam van Christus en is 'n komplette kerk, maar nie die enigste nie.

Daarom moet daar 'n kerkverband wees. Die eenheid in Christus noodsaak ook 'n institutêre eenheid tussen die verskillende plaaslike kerke. Deur die kerkverband word egter nie 'n nuwe kerk gebore nie. Na die voorbeeld van die apostels, gegee in Handeling 15, kom hierdie institutêre eenheid tot stand in die meerdere vergaderings, wat vergaderings is van kerkrade, verteenwoordig deur afgevaardigde ampsdraers. Die meerdere vergaderings is ingestel met die oog op die kerkregering om die kerkrade, wat elkeen 'n openbaring van dieselfde liggaam van Christus regeer, tot 'n eenparige gehoorsaamheid aan Christus te bring. Dit sluit in dat die meerdere vergaderings, behalwe vir sake wat alle kerkrade gemeenskaplik raak, ook seggenskap het in die sake wat eintlik net by die kerkrade tuishoort in gevalle van onmag, wanbestuur en hoër beroep.

Die meerdere vergaderings het 'n eie oorspronklike gesag, wat daaraan gegee is deur Christus. As instelling na die voorbeeld van die apostels en as vergaderings van kerkrade, verteenwoordig deur afgevaardigde ampsdraers, beskik dié vergaderings nie oor 'n afgeleide, laere of oorgedraagde gesag nie. Maar as regeerliggame, ingestel op Goddelike bevel en saamgestel uit afgevaardigde ampsdraers, het dit 'n oorspronklike gesag. En hierdie gesag is in sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort, groter as die van die enkele kerkrade.

Die meerdere vergaderings troon egter nie hiërargies bo die kerkrade nie. Dit het 'n dienende en helpende mag wat nie die mag van die kerkrade verdring nie. Die kerkraad en meerdere vergaderings het elk 'n eie terrein in die kerkregering. Die een mag nie op die terrein van die ander oortree nie. En as die meerdere vergaderings in sake van die plaaslike kerkraad ingryp, is dit alleen omdat die kerkraad of self in

sy onmag daarvoor vra, of 'n minderheid van die kerkraad of 'n lidmaat (lidmate) versoek die ingryping deur hoër beroep, of die kerkraad is ontrou aan sy roeping en onwillig om die roeping te vervul. By so 'n ingryping deur die meerdere vergaderings, wat kan lei tot die afsetting van 'n kerkraad of sommige kerkraadslede deur die betrokke meerdere vergadering, kan nie gesprek word van een kerk of van kerke wat oor 'n ander heers nie. Dit gaan in die geval ook om die verwerkliking van die koningskap van Christus in elke kerk deur die kerkrade. En kragtens die eenheid van die kerke in Christus moet die kerkrade op mekaar ag gee, sodat elke lid van die liggaam ooreenkomstig die wil van die Koning geregeer word. Ook die meerdere vergaderings het so 'n gesagsvolle deel aan die kerkregering tot opbouing en bewaring van die kerk tot met die wederkoms van Christus.

Die kerk is die openbaring van die Koninkryk van die hemele in hierdie wêreld. As sodanig is dit die voorafskaduwing van die komende Ryk in sy volkomenheid, waarin alles en almal weer, ooreenkomstig die skeppingsdoel, aan God in volkome gehoorsaamheid onderworpe sal wees. Daarom, as eskatologiese grootheid, moet die kerk ook in sy regering 'n lig vir die wêreld en 'n stad op 'n berg wees. In die Christusregering, al word dit nog deur die diens van mense in die kerk verwerklik tydens hierdie bedeling, word die bestemming van hierdie wêreld deur die herskeppingswerk van Christus, duidelik na vore gebring. Die kerkregering het immers as grondslag die liefdesgehoorsaamheid van die versoende en herbore mens aan God. Deur Sy Gees en Woord geleer, onderwerp die burgers van die Koninkryk van die hemele hulle nou reeds gewilliglik en met vreugde aan Sy regering. En al het die kerkregering ook ten doel om die burgers van die Koninkryk te beskerm teen die aanslae

van die ryk van die duisternis, om die sonde teen te staan in die kerk en die ongelowiges uit die kerk te weer, dien dit tog in die eerste plek om profeties heen te wys na die volkome vervulling van die verlossingswerk van Christus op die nuwe aarde, wanneer die volk van God hulle sal verheug in die volkome onderwerping aan die ewig volmaakte Godsregering.

Kragtens die eenheid met Christus as Sy liggaam en kragtens hierdie profetiese roeping is die kerk as vrug van die besondere genade in hierdie wêreld, maar nie van die wêreld nie. En hoe nou die verband ook al is met die owerheid as instelling van God, op die terrein van die algemene genade, waarmee dit moet saamwerk met die oog op die koms van die Koninkryk van die hemele, mag dit nooit in 'n afhanklike posisie teenoor die owerheid te staan kom nie. Die owerheid het geen seggenskap in die kerk of deel aan die kerkregering nie. Christus is die enige Koning van sy Kerk en Hy verwerklik Sy Koningskap in die kerk deur die ampsdraers, wat Hy roep en bekwaam vir hulle taak.

Omdat die wêreld, in sy groot geheel gesien, in hierdie bedeling nog die duiwel as owerste erken, is die reël dat die owerhede of onverskillig of vyandig teenoor die kerk staan. Kragtens die wese van die kerk as liggaam van Christus en as aanvanklike vrug van Sy herskeppingswerk, kan dit ook nie anders nie. Die duiwel sal nie rus voordat hy en die syne „in die poel van vuur en swawel gewerp" is nie;¹⁵⁾ hy sal as draak steeds die kerk vervolg en probeer verslind, totdat God 'n einde aan sy verset teen die verlossingswerk van Christus maak.

15). Vgl. Openb. 20:10; 14; 21:8.

Deur die kerkregering, wat 'n Christusregering is, het die gelowiges 'n voorsmaak van wat die beloftes aangaande die koms van die Koninkryk van die hemele in volkomeheid, inhou. Uit die verte sien en glo en begroet ons dit, en ons bely dat ons vreemdelinge en bywoners op die aarde is. Ons soek 'n vaderland. Ons verlang na die hemelse Vaderland,¹⁶⁾ wat God ons na die rykdom van sy barmhartighede, deur die genade van onse Here Jesus Christus geskenk het.

16). Vgl. Hebr. 11:13, 14 en 16.